**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**

# 2025 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL | | |
| **QUESTION PAPER** | 3 | | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | 2H30MIN | | |
| **PROVINCE** | OOS-KAAP | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **HAYLEY LOTTERING** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **ELIZABETH GALLANT** | | |
| **DATES OF MARKING** | **27 NOVEMBER – 12 DESEMBER** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **MNR MABONA** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Afrikaans Vraestel 3 was 'n uiters regverdige, gebalanseerde vraestel wat perfek in die leefwêreld van die graad 12 –leerder gepas het. Daar was onderwerpe wat by alle belangstellingsvelde gepas het. Dit het aan die vereistes wat in die KABV- dokument gestipuleer is, voldoen. Alle denkvlakke was gedek en dit was volgens die riglyne wat in die eksamenriglyne dokument van 2021 uiteengesit is. Die vraestel was leerdervriendelik en daar was geen onderwerpe wat enige kandidaat enigsins sou benadeel nie. Die vrae was oor die algemeen korrek deur die leerders verstaan en beantwoord volgens die leerder se eie vaardigheidsvlak. Leerders in die Oos-Kaap was verras deurdat vraag 1.3 Ek sien uit na 2025 ook in die Septembereksamen gevra is. Leerders kon oor die algemeen die vra korrek interpreteer, maar is deur hulle gebrek aan woordeskat verhoed om uitsonderlike opstelle te skryf. *Die meeste leerders het vlak 4 (35.2%) en vlak 5 (23.0%) behaal, maar enkele leerders (1.6) het met 'n baie suksesvolle vlak 7 geëindig. Daar is ook leerders wat onsuksesvol (5.5%) in hierdie vraestel was. Dit blyk dat die leerders die vraestel meer uitdagend as 2025 gevind het.*

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

| **QUESTION 1** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| **AFDELING A: OPSTEL**<br><br>**VRAAG 1.1 Dit het ek by my maats geleer.**<br><br>Leerders het hierdie opstel gekies, maar dit was minder gewild hulle het ook nie diep/ interessante tekste hieroor aangebied nie. Die meeste skryfstukke was redelik oppervlakkig en hier en daar 'n humoristiese vertelling. Leerders wat hierdie teks gekies het, het dit geslaag, maar geen uitsonderlike punte is hier verdien nie.<br><br>**VRAAG 1.2 Die huis op die hoek van die straat.**<br><br>Hier het leerders redelike interessante, geloofwaardige en spookstories oor die huis op die hoek van die straat vertel. Leerders het oor die algemeen goed in hierdie vraag gevaar. Hierdie vraag het hom daartoe geleen dat leerders hulle verbeelding goed kon laat vloei om spanningsvolle verhale met verrassende eindes te skryf.<br><br>**VRAAG 1.3 Ek sien uit na 2026**<br><br>Hierdie onderwerp was een van die gewilde onderwerpe wat leerders graag aangepak het. Die response was in die kol, want leerders kon uitstekend met die onderwerp identifiseer. Afhangend van hoe goed hulle die opstel kon aanbied, is hier goeie punte verdien. Leerders van die Os-Kaap sou kon agterkom dat hierdie vraag ook September in die proefeksamen gevra is.<br><br>**VRAAG 1.4 "Nee is die moeilikste woord om te sê.**<br><br>Die vraag is selde beantwoord en wanneer dit wel aangepak is, is die response oppervlakkig en met swak woordeskat, so leerders het nie goeie punte hier verdien nie. Sommige leerders het die woord "moeilik" met maklik of mooi verwar, maar die meeste leerders het diie onderwerp korrek verstaan.<br><br>**Vraag 1.5 Vryheid**<br><br>Hierdie vraag is min beantwoord, maar goeie en volwasse skryfstukke is hier ontvang. Leerders kon vryelik bespiegel oor wat Vryheid vir hulle beteken of wat hulle met hulle nuutgevonde Vryheid na matriek sou doen. Hier is ook baie opstelle wat op 'n figuurlike vlak aangebied is, gevind.<br><br>**VRAAG 1.6 PRIKKEL: Iemand wat vasgeketting is wat 'n selfoon vashou** |

Die prikkels is oor die algemeen swak beantwoord omdat leerders dit nie korrek kon interpreteer nie. Leerders het ook nie voldoende woordeskat gehad om hulle gedagtes in woorde uit te beeld nie.

Die vraag was die swakste beantwoord omdat die swakker kandidaat hierdie vraag gekies het en dit swak aangebied het. Leerders was nie bekend met die tegnologiese terme nie, hulle het meestal oor sosiale media geskryf, maar nie by die kettings of die vasgevangenheid van sosiale media uitgekom nie.

**VRAAG 1.7 PRIKKEL: Verfkwas wat die pad oopverf en figuur volg die pad**

Hierdie vraag is ook redelik deur die leerders gekies, dit blyk asof die leerders wat opstelle vooraf voorberei het, hierdie opdragte (visuele prikkels) gekies het en hulle voorbereide opstelle dan net onder enige prikkel ingedruk het. Leerders het dus glad nie goeie punte hier verdien nie, want die inhoud en prikkels het dan glad nie by mekaar gepas nie. Leerders wat wel hierdie prikkel reg kon interpreteer, het oor hulle toekomsplanne en besluitneming geskryf.

**VRAAG 1.8 PRIKKEL: Kind alleen op 'n swaai**

Hierdie vraag is ook deur 'n aantal leerders gekies, maar ongelukkig het die leeders weereens buite die konteks van die prikkel geskryf.

Die prikkels is veronderstel om leerders 'n wye keuse te gee wat hulle sou inspireer om kreatiewe en diep denkende skryfstukke aan te bied. Ongelukkig het hierdie prikkels nie daarin geslaag nie.

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2. 1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Die vriendskaplike brief was 'n baie gewilde keuse vir die leerders, maar hulle het gemiddeld hierin gevaar. Leerders het nie so baie oor musiekkonsert self gesê nie, maar ook baie oor die kos, kleredrag, ens. wat daar was, uitgebrei. Die gewone foute in die formaat het ook leerders punte laat verloor.

**VRAAG 2.2 DEKBRIEF (FORMELE BRIEF)**

Die dekbrief was die minste deur die leerders gekies. Leerders het nie te sleg gevaar nie, maar as leerders meer kon fokus op wat in die opdrag staan, sou hulle meer punte kry. Baie leerders het nagelaat om die CV te gebruik om aansoek te doen en het dus so punte verloor.

**VRAAG 2.3 HULDEBLYK**

Leerders het redelik goed in die huldeblyk gevaar. Hulle het weereens vergeet om die opdrag korrek te lees/ verstaan. Leerders sou net noem dat die oom hulle baie van tradisies geleer het, maar het nie daarop uitgebrei nie. Meeste leerders het ook nie die familie bemoedig nie.

**VRAAG 2.4 INFORMELE TOESPRAAK**

Die toespraak was die tweede gewildste keuse en hierin het leerders ook redelik goed gevaar. Leerders het wel punte verloor omdat hulle nie gedurig namens die matriekklas gepraat het nie, hulle het wel begin met ons/klas van 2025, maar het gou daarin verval om na "ek" te verwys.

**AFDELING C KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE**

Hierdie vraag was die minste deur leerders gekies. Die leerders het dit nie so goed beantwoord nie, want die informasie op die kaartjies was basies en het nie by die ABBA-reël gehou nie. Baie leerders het ook essensiële informasie uitgelaat soos 'n adres, datum, tyd of plek.

**VRAAG 3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Hierdie was die gewildste skryfstuk by Afdeling C. Leerders het dit redelik goed beantwoord en meeste leerders was ook positief teenoor die nuwe onderwyser. Ek dink hierdie vraag was 'n goeie keuse waarmee elke matrikulant hom/haarself sou kon vereenselwig, want elke leerders het iewers in sy/haar skoolloopbaan 'n onderwyser(es) verloor of 'n nuwe een ontmoet.

**VRAAG 3.3 RIGTINGAANWYSINGS**

Leerders het hierdie vraag gekies naas die dagboekinskrywings. Sommige leerders kon volledige rigtingaanwysings/instruksies skryf, maar leerders het nie op die opdrag gefokus nie. Jy moes by die taxistaanplek begin het tot by die skool. Leerders het dus gemiddeld hierin gevaar.

**QUESTION 2**

**Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

**Afdeling A: opstelle**

Leerders het verskeie kritiese foute in die opstelonderwerpe gemaak, naamlik die gebrek aan paragrawe met duidelike kerngedagtes en ondersteunende gedagtes. Die basiese struktuur van 'n opstel, wat 'n kort inleiding, liggaam en 'n slot insluit, is steeds noodsaaklik. Die inleiding het dikwels ontbreek of dit was te lank of nie gekoppel aan die titel nie. Dit is belangrik om leerders aan te moedig om elke nuwe paragraaf met 'n vars idee te begin en dit verder uit te brei.

Die lengte van die paragrawe het ook probleme veroorsaak. Dit is belangrik om paragrawe af te wissel en die slot goed deur te dink om die opstel as ‘n geheel samehangend af te sluit. Daar is ook 'n neiging om lang, ingewikkelde sinne te gebruik, dikwels met voegwoorde soos "en dan", "en toe", wat tot verwarrende en lang vertellings lei. Onnodige besonderhede maak dat die fokus van die opstel verlore gaan en dit raak oppervlakkig.

Daar is ook 'n probleem met die lengte van opstelle. Sommige leerders skryf opstelle wat die voorgeskrewe lengte oorskry, terwyl ander te kort skryf. Te lank- of te kort opstelle kan leerders benadeel.

Die woordeskat bly 'n uitdaging, aangesien baie leerders nie die regte woorde gebruik nie of verkeerde woordkeuses maak. Leerders se woordeskat was gebrekkig en daar was min in diepte beantwoording van die onderwerpe. By vraag 1.6 het leerders *sosiale media* as *social media* geskryf en selfone as *fones*, leerders het ook nie by die slot en ketting in die prikkel uitgekom nie. *KI* word verkeerdelik as *AI* geskryf. Die leerders het ook gedurig die woord *tegnologie* verkeerd gespel.

Die volgende algemene foute is by die **opstelonderwerpe** gemaak:

- Basiese woordeskat soos hoërskool en laerskool was verkeerd gebruik.
- Die meeste leerders skryf ‘n komma voor –en.
- Leerders kon ook nie die korrekte woordorde in hulle sinskonstruksie toepas nie, derhalwe was die sinne lomp en onsamehangend.
- Leerders het ook met die infinitief gesukkel.
- Leerders het ook getoon dat hulle nie die reëls van die voegwoord kan toepas nie.
- Sommige leerders ken ook nie die korrekte gebruik van die voornaamwoorde nie.

- Leerders. skryf *kla* in plaas van *klaar* en *dit* in plaas van *dat*. Anglisismes het baie voorgekom.
- Leerders dink in Engels en vertaal dit, bv *My vriend en ek* in plaas van *ek en my vriend.*
- Betreklike voornaamwoorde word verkeerd gebruik, bv. *op wat*, i.p.v. *waarop*
- *Liewe* of *lyf* word gebruik in plaas van *lewe*, *dit* in plaas van *het*.
- *Uie* in plaas van *eie*, *mei* in plaas van *my*, *groet* in plaas van *groot*.
- Leestekens word foutief gebruik.
- Leerders gebruik tydsvorme verkeerd – hulle wissel tussen teenwoordige en verlede tyd, hulle kon nie reël van historiese teenwoordige tyd toepas nie.
- Leerdres ken ook nie die woord *toekoms* nie- hulle verwys na *toekomende lewe*.
- Baie engelse woorde is by, veral die prikkels gebruik, bv. by nr.1.8 word die woord *stoel* gebruik in plaas van *swaai*.

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Die vriendskaplike brief is goed beantwoord, behalwe dat die leerders nie die heeltyd op die onderwerp gefokus het nie. Hulle het heelwat op die perifere goed gefokus, soos: die koste van die musiekkonsert, die kos, kleredrag en die Engelse name van die liedjies word genoem ('n lys) om die aantal woorde op te maak.

Hier is 'n lys van die foute wat by die skryf van die **vriendskaplike brief** gevind is:

- Soms word die datum in syfers geskryf
- Soms word die poskode voor die stad geskryf.
- Leerders skryf 'n naam en van, bv Piet Pompies.
- Leerders eindig: Jou maat Jane Doe; Jou vriend, Carl (langsaan)
- Leerders begin sinne met 'n voegwoord: En, maar, want, toe.
- Leerders groet weer in die brief – Beste John …. Goeienaand, John
- Hoop jy is mooi i.p.v Ek hoop dit gaan goed.
- *Mooi* in plaas van *lekker* (die konsert was mooi i.p.v lekker)
- *Julle* i.p.v *hele* (ons het die julle aand gesing)
- *Altyd*, i.p.v *elke aand*, *dat* i.p.v. *wat*, *wanneer* i.p.v *toe*,
- Leerders eindig met Liewe Henry i.p.v. Jou maat Henry
- *Artieste*(artist) i.p.v *kunstenaar*, *verskilde* i.p.v *verskillende*, *men* i.p.v *met*, *moen* i.p.v. *moet*
- Dis die *moeilikste* konsert waar ek al ooit was … i.p.v *lekkerste* konsert.
- Leerders gebruik kommas i.p.v punte aan die einde van sinne.
- Leerders eindig die brief met: ek hoop jy was daar i.p.v. ek wens jy was daar.
- Daar word geen punt na Groete geskryf nie en leerders laat ook nie 'n reël oop tussen groete en die briefskrywer se naam nie.

Die volgende foute is by die **dekbrief** aangetref:

- Aanhef: Liewe Meneer Dickson
- Twee datums
- Leerders skryf nie die tweede adres nie.
- Briefopskrif word uitgelaat
- Leerders skryf net oor die besonderhede in die CV.
- CV's was oorgeskryf en saamgeflans
- Soms skryf leerders net een adres
- Register is nie formeel nie. (Hoe gaan dit? Asof dit 'n informele brief is.)
- Leerders bied die pos vir die hoof aan – om vir "my 'n onderwysassistent te wees".
- Leerders skryf Groete i.p.v. die uwe of Liewe Rachel i.p.v die uwe.

Leerders het die volgende foute by die **huldeblyk** gemaak:

- Sommige leerders groet nie die gehoor nie.
- 90% leerders het nie 'n opskrif vir die huldeblyk gehad nie.
- Leerders gebruik "los agter" vrou en kinders
- Hy/sy was verwarrend as gevolg van ….
- Leerders gebruik: ek sal hom geverlede, i.p.v. verlang
- Heelwat leerders het slegs die kultuur en tradisies genoem, maar het nie daarop uitgebrei nie.
- Die familie word ook nie bemoedig in die huldeblyk nie.
- Sommige leerders gebruik die brief se formaat.

By die **toespraak** is die volgende foute aangetref:

- Die meeste leerders skryf nie in paragrawe nie.
- Leerders verwys baie na hulself i.p.v die groep matriekulante.
- Lererders gee nie genoeg inhoud oor die vyf jaar op skool nie.
- Hulle lewer slegs 'n toepsraak om totsiens te sê.
- Die toepsraak se toon is meer soos 'n bedankingspraatjie of 'n afskeidsdiens.
- Sommige leerders het na hul laerskooldae verwys.

Leerders het die volgende foute by **Afdeling C**, die **kortstukke** gemaak.

- Leerders trek nie 'n streep deur hulle beplanning nie.
- Leerders beantwoord twee skryfstukke in Afdeling B en doen nie 'n stuk in Afdeling C nie.
- Leerders raak verward met belowe en glo.

- Leerders skryf ‘n komma voor –en.

By die **uitnodigingskaartjie** is die volgende foute aangetref:

- Leerders skryf die uitnodiging as een paragraaf.
- Die formaat/ ABBA-beginsel word nie toegepas nie.
- Die basiese informasie: wie, wat waar, wanneer, waarom ontbreek.
- Leerders het onvoldoende woordeskat.
- Leerders skryf die uitnodiging meestal in potlood.
- Leerders skryf Engelse woorde in aanhalings.

By die **dagboekinskrywings** is die volgende foute aangetref:

- Sommige leerders skryf slegs een dagboek.
- Die datum word nie voluit geskryf nie of heeltemal weggelaat.
- Leerders skryf *Mrs* (Engels) i.p.v. *Mevrou*.
- Leerders fokus meer op hoe die onderwyser lyk en wat die onderwyser doen, maar noem geen gevoelens nie- beskrywings i.p.v. emosies.
- Leerder verwar die voornnaamwoorde *hy* en *sy*.
- Leerders ken nie die verskil tussen *tyd* en *keer* nie, bv. Volgende *tyd* i.p.v volgende *keer*.
- Leerders skryf oor onderwyser wat na die skool toe kom en nie onderwyser wat die skool verlaat nie of omgekeerd.
- Whatsappformate het voorgekom.

Die volgende foute is in die **rigtingaanwysings** aangetref:

- Die woord taxistaanplek word as taxi-staanplek geskryf omdat dit so in die vraestel voorkom.
- Sommige leerders begin nie by die staanplek nie.
- Leerders gebruik Engelse bakens.
- Leerders gee nie genoeg bakens nie- hulle skryf dus op elementêre vlak.
- Leerders gebruik die woord *dry* i.p.v *draai*.
- Baie Engelse rigtingswoorde word gebruik, woordeskat is dus die probleem.
- Woordorde is nie korrek nie.
- Leerders loop en ry op dieselfde tyd.

| QUESTION 3 |
| --- |
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Leerders moet voorberei vir die vraestel 3 eksamen.<br><br>Kweek 'n liefde vir lees by leerders aan sodat hulle verhalende opstelle goed kan beantwoord.<br><br>Leer die leerders hoe om paragrawe te skryf, gee oefeninge met prente waarin leerders hulle gedagtes kan uitdruk.<br><br>Leerders se woordeskat moet uitgebei word, daar moet spesifiek gefokus word op tegnologiese woordeskat.<br><br>Die leerders moet geleer word hoe om paragrawe te skryf en dit uit te brei.<br><br>Skerp die basiese taalreëls by die leerders in sodat hulle sinskonstruksie, Voegwoorde, die Infinitief, ens. kan verstaan en toepas.<br><br>Herinner leerders dat GEEN ENGELS aanvaar word nie, tensy dit die naam van 'n plek is wat nie verander kan word nie.<br><br>Instruksies moet aandagtig gelees word en korrek geïnterpreteer word. As instruksie tweeledig is, moet albei gedeeltes in die skryfstuk beantwoord word.<br><br>Probeer is die beste geweer! Moet geen vrae onbeantwoord laat nie. |

| QUESTION 4 |
| --- |
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| • Leerders moet duidelik aantoon wat beplanning en finale stuk is en 'n netjiese streep deur die beplanning trek.<br>• Leerders moet ook hul antwoordboek soos 'n amptelike dokument hanteer en verseker dat hulle netjiese en leesbare werk inlewer.<br>• Leerders moet glad nie hul name op die antwoordboek of binne die boek skryf nie.<br>• Geen skryfstuk moet in potlood aangebied word nie.<br>• Leerders mag ook nie inkleurpotlode of glimpenne gebruik nie. |

- Leerders hoef nie in die skryfstuk te parafeer indien hulle in die skryfstukke foute maak nie. Trek slegs ‘n streep deur en skryf voort.
- Die kwessie van voorafvoorbereide stelstukke deur sekere leerders is ook problematies tydens die nasienproses en nasieners moet die oordeel fel of ’n skryfstuk onvoldoende is al dan nie omdat leerders basies hul skryfstuk inforseer in ’n bepaalde onderwerp. Leerders wat in staat is om te beplan en te redigeer, vaar beter as diegene wat konsentreer op mooiskrywery. Diegene wat opstelle inforseer, verdien geen punte vir inhoud en taal toegeken nie.
- Leerders moet daarteen waak om die opstelonderwerpe in hulle eie woorde te omskryf. Hulle mag slegs vir die visuele prikkels ‘n titel gee.
- ’n Groot probleem is leerders wat hul response in hoofletters aanbied asook lettergreepverdeling aan die einde van ’n reël wat verkeerdelik toegepas word.
- Indien daar ’n spesifieke onderwerp gegee word, mag leerders dit nie verander nie. Die enigste tyd wanneer die leerders ’n geleentheid kry om ’n onderwerp te verskaf, is by die visuele prikkel.

Gereelde aanbieding van werkswinkels met vraestel 3 as fokus om probleemareas soos vervat in die hoofnasiener se verslag aan te spreek, behoort wondere te verrig om leerders en onderwysers beter vir hierdie vraestel voor te berei.